SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2019

## GRAAD 10

| EKONOMIE<br>VRAESTEL 1 |
|---|

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

**13 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae in jou ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND

   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae

   AFDELING C: Beantwoord EEN vraag

2. Beantwoord slegs die vereiste hoeveelheid vrae, addisionele vrae sal NIE gemerk word NIE

3. Nommer die antwoorde soos op die vraestel.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke vraag.

5. Lees die vrae deeglik deur.

6. Begin elke vraag op ŉ nuwe bladsy.

7. Los 2–3 lyne oop na ELKE vraag.

8. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik net blou of swart ink.

10. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare rekenaar gebruik.

11 Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die nommer (1.1.1 tot 1.1.8). in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Ekonomie is ŉ wetenskap wat bestudeer hoe mense hul veelvuldige behoeftes en begeertes bevredig met…

A beperkte hulpbronne.
B onbeperkte hulpbronne.
C beperkte bevrediging.
D onbeperkte bevrediging.

1.1.2 Die basiese ekonomiese probleem wat alle nasies mee in aanraking kom…

A vrye goedere.
B menseregte
C skaarsheid.
D vrye verkiesing.

1.1.3 Die belangrikste ekonomiese deelnemers in die ekonomiese kringloop is…

A belasting.
B werkers.
C werkgewers.
D huishoudings.

1.1.4 Die periode wat ŉ afname in ekonomiese aktiwiteite aandui is…

A herstel.
B resessie.
C tendenslyn.
D bewegende gemiddeldes.

1.1.5 Die situasie waarin huishoudings alle goedere en dienste produseer wat hulle benodig vir oorlewing staan bekend as …

A geleentheidskoste.
B alternatiewes.
C selfversorgendheid.
D keuse.

1.1.6 Die eerste groep mense wat in die Suidelike en Westelike deel van Afrika gewoon het is die …

A Khoi-San.
B Afrika stamme.
C Europeërs.
D Arabiere.

1.1.7 Betaling van jou rekeninge deur middel van internet bankdienste staan bekend as…

A regte geld.
B E-elektronika.
C moderne geld.
D inheemse geld.

1.1.8 Inligting van die grootte van die bevolking en die arbeidsmag word verkry vanaf die…

A IMF.
B SARB Kwartaallikse Bulletin.
C Werêldbank.
D sensus. (8 x 2 ) (16)

1.2 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat pas by die item in KOLOM A. Skryf die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.8).

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Positiewe stelling | A | Waar goedere en dienste gekoop of verkoop word |
| 1.2.2 | Produktemark | B | ŉ Persoon wat trek na ŉ ander gebied opsoek na werk |
| 1.2.3 | Gelyke indiensnemings | C | Rou material of natuurlike hulpbronne wat onttrek, gekweek en geoes word |
| 1.2.4 | Primêre sektor | D | Gelyke geleenthede vir alle mense in die werksplek |
| 1.2.5 | Ekonomiese groei | E | Die periode van baie hoë ekonomiese aktiwiteit, voordat die ekonomie afneem |
| 1.2.6 | Opbloei | F | ŉ Stelling gebaseer op feite wat bewys kan word. |
| 12.7 | Ruilhandel | G | ŉ Proses van die ruil van goedere en dienste met mekaar sonder enige geld |
| 1.2.8 | Arbeidsmag | H | Die ekonomiese aktiewe bevolking wat bestaan uit mense tussen die ouderdom van 15 en 64 wat aktief soek na werk |
| | | I | ŉ Toename in reële BBP |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

Afkortings en akronieme sal NIE aanvaar word nie.

1.3.1 Alle fisiese en verstandelike pogings van menslike aktiwiteite in die produksie van goedere en dienste

1.3.2 Wanneer iemand die middele en hulpbronne het om ŉ produk te koop, maar daar is geen aanbod van daardie produk nie

1.3.3 Hierdie is ŉ afdeling van die ekonomie wat die ekonomie as ŉ geheel bestudeer bv. indiensnemingskoers.

1.3.4 Die proses waartydens mense in en uit die land beweeg

1.3.5 Die laagste draaipunt in die sakesiklus

1.3.6 Die vlak of sektor waartydens die rou materiale wat voorsien word deur die primêre nywerhede omgeskakel word in produkte vir verbruik

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE menseregte. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom samel die regering belasting vanaf sakeondernemings en huishoudings in? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: www.google.com]

2.2.1 Watter produksiefaktor word uitgebeeld in bostaande spotprent? (1)


2.2.2 Wat is die vergoeding vir die uitgebeelde produksiefaktor ? (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *produksie*. (2)

2.2.4 Verduidelik die belangrikheid van entrepreneurs in die ekonomie (2)

2.2.5 Hoe lei ekonomiese groei na ekonomiese ontwikkeling? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: www.google.com ]

2.3.1 Watter soort ekonomie word voorgestel deur die bostaande diagram? (1)

2.3.2 Watter deelnemer in die ekonomie sal gebruik maak van intermediêre goedere? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese kringloop*. (2)

2.3.4 Hoekom is dit belangrik dat die regering mense aanmoedig om plaaslike goedere te koop? (2)

2.3.5 Beskryf kortliks die rol van die huishouding in die bostaande diagram. (4)

2.4 Onderskei tussen *makro-ekonomie* en *mikro-ekonomie*. (2 x 4) (8)

2.5 Evalueer die effek wat die sakesiklus op die ekonomie het. (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE bank instellings in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan 'n toename in inkomste lei tot die ontwikkeling van nywerhede? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.

<u>Migrasie:</u>

Landelike –stedelike migrasie verwys na die beweging van mense vanaf landelike gebiede na stede om te bly en te werk.'




[Bron: www.google.com]

3.2.1 Watter negatiewe effek kan migrasie op die ekonomie hê? (1)

3.2.2 Hoekom migreer mense na stedelike gebiede? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die begrip *stedelike migrasie*. (2)

3.2.4 Hoe sal die netto migrasie die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed? (2)

3.2.5 Volgens jou mening, hoekom is dit vir die regering belangrik om te weet wat die bevolkingsgroeikoers van die land is? (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

| DIE TRADISIONELE LEEFSTYL |
| --- |
| Die nomadiese gemeenskappe het bestaan uit nomadiese samelewings. Hierdie samelewings was bekend as jagters-versamelaars. Hulle het beweeg na ŉ gebied, al die hulpbronne gebruik en wanneer daar nie meer kos was nie het hulle na ŉ ander gebied beweeg. |

[Bron: www.google.com]

3.3.1 Watter fase van ekonomiese ontwikkeling word uitgebeeld in die bostaande inligting? (1)

3.3.2 Noem EEN aktiwiteit wat deur hierdie groep mensebeoefen is. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *nomadiese leefstyl*. (2)

3.3.4 Wat maak dat tradisionele samelewings selfonderhoudend is? (2)

3.3.5 Hoe was vaardighede aangeleer gedurende hierdie fase? (4)

3.4 Lys en verduidelik enige TWEE faktore wat ekonomiese ontwikkeling bemoeilik het in Suid-Afrika gedurende die landbou- en mynbou fase.
(2 x 4) (8)

3.5 Evalueer die impak van MIV/VIGS op die Suid-Afrikaanse ekonomie? (8)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4 MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE tipes skaarsheid. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom is die verbruik van goedere en dienste belangrik in die ekonomie? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| **Waarde Toegevoeg in R (Miljoene)** | **2016** |
|---|---|
| Primêre sektor | 141 906 |
| Sekondêre sektor | 373 024 |
| Tersiêre sektor | 1 124 555 |
| Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse | 1 639 485 |
| Belasting op produkte | 312 863 |
| Subsidies op produkte | 19 106 |
| **Bruto Binnelandse Produk @ markpryse** | **A** |

4.2.1 Watter metode word gebruik om BBP te bereken in die bostaande tabel? (1)

4.2.2 Identifiseer die sektor wat die minste bygedra het tot BBP in die bostaande tabel. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die begrip *Bruto Binnelandse Produk*. (2)

4.2.4 Hoe kan die Suid-Arikaanse regering belasting gebruik om die ekonomie te stimuleer? (2)

4.2.5 Bereken die BBP teen markpryse (A). Wys alle berekeninge. (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Inheemse kennis kan navorsers help om die krisis op te los**

Afrika se navorsers word aangemoedig om inheemse kennis en innoveringstelsels te gebruik as inspirasie, eerder as moderne-, kommersiële metodes om vordering te maak in die oplossing van die kontinent se ontwikkelingsprobleme.

ʼn Voorbeeld van ʼn suksesvolle toepassing van Afrika se inheemse kennis is die gemengde gewasverbouing wat gebruik word deur verskeie gemeenskappe in Oos-Afrika. In Chad het plaaslike boere, ʼn reën-gevoede besproeiingstelsel vir die produksie van suksesvolle oeste in woestynlande gebruik, maar die metode is onsuksesvol vervang deur moderne kommersiële besproeiingsmetodes.

Om positiewe navorsing uitkomstes te verkry in Afrika, is daar ʼn dringende behoefte om Westerse navorsingstegnieke te integreer, met lewensveranderde inheemse kennis, in verskillende velde van menslike strewes om innovasie en kreatiwiteit oor die kontinent te verhoog.

[Bron: aangepas uit *Universiteit van die Werêld nuus*]

4.3.1 Wat is ʼn voorbeeld van ʼn inheemse boerderymetode van Afrika genoem in die bostaande uittreksel? (1)

4.3.2 Identifiseer die inheemse metode wat in Chad gebruik is vir die produksie van suksesvolle oeste. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die begrip *inheemse kennisstelsels*. (2)

4.3.4 Waarom is inheemse kennis belangrik in ons lewens? (2)

4.3.5 Verduidelik waarom boerdery ʼn belangrike ekonomiese aktiwiteit is. (4)

4.4 Onderskei tussen *vrye-* en *ekonomiese goedere*. (2 x 4) (8)

4.5 Bespreek die impak van stakings op die ekonomie. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

<table>
<tr><th>STRUKTUUR VAN OPSTEL</th><th>PUNTE TOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Inleiding<br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat in die vraag voorkom te definieer of te omskryf.<br>• Gee addisionele inligting om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie in die inleiding enige deel van die vraag insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam bespreek nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.</td><td>Maks. 2</td></tr>
<tr><td>Liggaam:<br>Hoofgedeelte: Bespreek in detail / In diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>Addisionele gedeelte: Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Trek ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik ŉ grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Bepaal / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Vertolk / Debatteer kortliks</td><td>Maks. 26<br><br>Maks. 10</td></tr>
<tr><td>Gevolgtrekking<br>• Die gevolgtrekking is ŉ samevatting van die onderwerp wat bespreek is in die liggaam en moet as ŉ hoë-orde respons gesien word.<br>• Die gevolgtrekking kan die vorm van ŉ eie opinie, voorbeelde, argumente om die bespreking van die onderwerp in die liggaam te ondersteun of teen te staan.<br>• Geen aspek van beide die inleiding en liggaam moet in die gevolgtrekking herhaal word nie.</td><td>Maks. 2</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td>40</td></tr>
</table>

**VRAAG 5 MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

Elke land ervaar sikliese patrone in die ekonomie.

- Met behulp van ŉ diagram bespreek die fases van ŉ sakesiklus. (26 punte)
- Verduidelik die endogene redes (Keynesiaanse teorie) vir die sakesiklus. (10 punte)

**[40]**

**VRAAG 6 EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

Bespreek fase 4: Vervaardiging en dienste fase (vanaf 1994 tot op datum) in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse ontwikkeling onder die volgende sub-opskrifte:

- Eienskappe (8 punte)
- Faktore wat bygedra het tot ekonomiese ontwikkeling (9 punte)
- Ekonomiese gevolge (9 punte)

Evalueer die faktore wat ekonomiese ontwikkeling van vervaardiging en dienste bemoeilik het. (10 punte)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou